Nuwe Lied Bediening

En Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofsang tot eer van onse Elohiem (Ps. 40:4)

E-pos: kontak@nuwelied.info
Webwerf: http://www.nuwelied.info

Parashah 38: *Korach* (קורח) – Korag

Korag, die seun van Yitz'har, die seun van K'hat, die seun van Levi, saam met Datan en Aviram, seuns van Eli'av, met On, die seun van Pelet, seuns van Re'uven, het aksie geneem en hulle het opgestaan voor Moshe, saam met sommige van die seuns van Yisra'el, twee honderd en vyftig leiers van die vergadering, verteenwoordigers, manne van naam. Num. 16:1 en 2 – PWL[1]

Torah: Num. 16:1 tot 18:32

Haftorah: 1 Sam. 11:14 tot 12:22

Hernieude verbond: Rom. 13:1 tot 7; Heb. 13:17; Judas 1 tot 25; Joh. 15:1 tot 7;1 Kor. 9:7 tot 14; Gal. 6:6; 1 Tim. 5:17 tot 18; Matt. 23:2; Matt. 5:1; Luk. 4:20 tot 22.

Hierdie notas is aanvullend tot die vorige notas vir Parashah 38 wat afgelaai kan word by: Parashah38Notas14 of deur dit aan te vra by kontak@nuwelied.info.

If you're not hearing the voice of YHVH in your life and he seems to be silent, then go back to the last place where he told you to do something and you said, 'No.' – Anonymous.

There is no greater lie than a truth misunderstood – William James

Midrash (Torah Bespreking)

Wees Soos 'n Kameel!

Die Hebreeus vir *kameel* is) גמלgamal), maar beteken ook *onafhanklik, selfstandig en gespeen.* So lees ons in Gen. 21:8 – *Die seun het opgegroei en is gespeen* (ויגמל– *vayigamal*) *en Avraham het 'n groot feesmaal voorberei op die dag toe Yitz'gak gespeen is.* 'n Kameel se vermoë om in die woestyn te oorleef is verstommend. Daarom moet ons ook soos 'n kameel onafhanklik (selfstandig, gespeen) in die woestyn (die wildernis) van die lewe kan oorleef. Indien ons deeglik in Torah onderrig is, en in gehoorsaamheid dit ook in ons lewe toepas, sal ons as 'n geestelike volwassene nie van mense afhanklik wees nie, maar slegs van Vader-God. Dan sal ons geestelik selfstandig ('gespeen') in alle omstandighede kan optree, want ons stap in hierdie wildernis van die wêreld hand-aan-hand met Vader wat ons as gesalfdes met die Afgesonderde Gees in Sy spore van geregtigheid (Sy Torah) lei, terwyl ons drink uit 'n beker wat oorloop van Sy goedheid en guns (Psalm 23).

[1] PWL Vertaling (Pad van Waarheid tot die Lewe) kan gratis afgelaai word by www.padwlewe.ch

Die Apostel Petrus skryf dat ons soos pasgebore kindertjies na die onvervalste melk van die woord moet verlang sodat ons daardeur kan opgroei (1 Pet. 2:2). Hoewel ons altyd hunker na die onvervalste melk van die woord, moet dit ons voed tot geestelike volwassenheid. Ons moet net soos ons Vader in die hemel volmaak wees (Matt. 5:48). Daarom sê Paulus om ywerig te wees om ons volmaak voor God aan te bied as werkers wat ons nie hoef te skaam nie, maar wat die boodskap van die waarheid reguit verkondig (2 Tim. 2:15).

In hierdie tyd waarin ons lewe moet ons leermeesters wees wat geestelike babas aanneem en hulle met die onvervalste melk van die woord voed sodat hulle ook geestelik volwasse kan word – gelowiges wat onafhanklik van mense, maar slegs afhanklik van YHVH, selfstandig in die wildernis van hierdie lewe kan oorleef!

Daarom moet ons nie die woorde van die skrywer van die brief aan die Hebreërs vergeet nie, toe hy hulle ondermeer getugtig het:

Alhoewel Hy die Seun is, het Hy gehoorsaamheid geleer deur respekvolle vrees en lyding en so is Hy volmaak gemaak en het Hy vir almal wat aan Hom gehoorsaam is, die Rede vir die ewige lewe geword. Hy is deur God as Hoofpriester aangestel, volgens die beeld van Malki-Tzedek. Ons het baie te sê in ons redevoering aangaande Hom en dié Malki-Tzedek en dit is moeilik om te verduidelik omdat julle swak geword het in julle gehoor, want alhoewel julle, vanweë die tyd wat julle geleer het, leermeesters behoort te wees, het julle weer nodig dat 'n mens julle moet leer wat die eerste beginsels van die woorde van God is en het julle weer 'n behoefte aan melk en nie aan vaste kos nie, maar elkeen wat melk drink, is nie bekend met die boodskap van onpartydige opregtheid nie omdat hy 'n baba is, maar vaste kos is vir volwassenes, wat, deur oefening, hulle sintuie leer om goed van kwaad te onderskei. Heb. 5:8 tot 14 – PWL.

As gevolg hiervan, laat ons nie by die aanvanklike boodskappe aangaande Die Gesalfde Een bly nie, maar na die volmaaktheid aangaan. Heb. 6:1 – PWL.

Die Levitiese priesterorde het saam met Israel van ouds in die wildernis getrek. Maar in die wildernis van hierdie lewe is die Levitiese priesterorde egter vervang met priesters volgens die orde van Melgisedek (Malki-Tzedek). Hoe jammerlik is dit dat soveel in die Messiaanse Beweging egter skuldig is aan Heb. 5:10 en 11, naamlik:

Hy (Yeshua) is deur God as Hoofpriester aangestel, volgens die beeld van Malki-Tzedek. Ons het baie te sê in ons redevoering aangaande Hom en dié Malki-Tzedek ***en dit is moeilik om te verduidelik omdat julle swak geword het in julle gehoor.....***

Talle gelowiges het swak (traag) geword om te hoor en te verstaan dat die Levitiese priesterorde na die folterdood en opstanding van Yeshua vervang is met die priesterorde volgens Melgisedek. Yeshua is ons Ewige Hoofpriester en ons, sy dissipels, is die priesters. Daarom moet ons nie *by die aanvanklike boodskappe aangaande Die Gesalfde Een bly nie, maar na die volmaaktheid aangaan* (Heb. 6:1 – PWL). Deel van hierdie volmaaktheid is om diens te doen as priesters van die Melgisedekorde!

Julle is 'n gekose nasie, om te dien as priesters in die Koninkryk, 'n afgesonderde volk, bymekaargemaak en bevry, om die lofprysinge van Hom, wat julle uit die duisternis geroep het, te verkondig tot Sy wonderlike lig, julle wat vroeër geen volk was nie, maar nou die volk van God is; vir wie niemand omgegee het nie, maar nou word omgee oor julle uitgestort. 1 Pet. 2:9 en 10 – PWL.

Ons is die priesters en arbeiders in YHVH se Koninkryk! En ons leef in ‘n tyd waar die siele-oes ryp is, maar waar die arbeiders, naamlik die wat selfstandig volgens die woord kan optree en lewe, min is! In die verband skryf Jonathan Bernis (www.jewishvoice.org) die volgende:

> *It is a principle Yeshua made very clear to His disciples one day. He delivered this principle with a clear sense of urgency. So urgent, in fact, that He directed them to pray that the Father would raise up an army to help. In essence, that principle, as recorded in Luke 10:2 and Matthew 9:37-38, is:*
>
> ***When a harvest of souls is ripe, it is absolutely vital to bring that harvest in!***
>
> *So I ask you . . . How can we walk away from these harvest fields — when time is so short?*

Bepeins of Bespreek

1. Kan jy soos ‘n kameel in die wildernis van hierdie wêreld oorleef? Of is jy skuldig aan die aanklag waarmee Paulus die gemeente van Korinthe aangekla het? *Ek het julle met melk gevoed, nie met vaste spys nie, want julle was nog nie daartoe in staat nie, en julle is nou nog nie daartoe in staat nie* (1 Kor. 3:2). Ons moet dissipels wees wat met die vaste kos van die woord gevoed word sodat ons geestelike babas met die onvervalste melk van die woord kan voed! Is jy so ‘n priester, dissipel en arbeider?

2. Om te dien as priesters in die Koninkryk van YHVH is om as priesters volgens die orde van Melgisedek te dien – ‘n priesterdom sonder ‘n tempelgebou, want ons is die tempel. Soos voorheen al bespreek is, moet ons besef dat daar net een Hoofpriester en een priesterdom kan wees, want anders is daar verdeeldheid in YHVH se Koninkryk. En ons weet dat ‘n verdeelde koninkryk nie staande kan bly nie (Matt. 12:25). Wie kies jy as hoëpriester? Die een wat deur YHVH aangestel is as Ewige Hoëpriester of die een wat deur mense (Rabbynse Judaïsme) aangestel gaan word by die voltooiing van die derde tempel?

Rebellie Teen YHVH

In hierdie week se Torahskriflesing, naamlik parashah Korag, word ons weereens gewaarsku oor die ernstige gevolge van rebellie teen YHVH en teen die gesagstruktuur wat deur God aangestel is.

In die vorige twee Torah-Skriflesings (Parashah 36 en 37) het ons reeds met rebellie te doen gekry en telkens geleer van die gevolge daarvan:

- In parashah 36 het ons geleer dat toe Mirjam kwaadgespreek het van Moses is sy met ‘melaatsheid’ gestraf (‘n fisiese manifistasie van ‘n onrein toestand weens sonde). Verwys Num. 12:1 tot 16, veral verse 10 en 11. Hierdie kwaadspraak was rebellie teen Moses, YHVH se aangestelde leier, en daarom ook rebellie teen YHVH self!

- In parashah 37 het die tien verkenners kwaadgespreek (gelaster) van YHVH en van die Beloofde Land en het 8 van hulle gesterf deur ‘n plaag wat hulle getref het (Num. 14:37 en 38). Die volk se straf vir hulle murmerering (rebellie) was dat almal van die ouderdom van 20 jaar en ouer in die wildernis gesterf het en nie Kanaän binne kon gaan nie (Num. 14:29 tot 35 – let op vers 33 wat na hierdie rebellie as hoerery verwys). Om teenstrydig met YHVH se beloftes te praat en op te tree is ook rebellie!

Hierdie week se Torahskriflesing is die geskiedenis van Korag, Datan, Abiram, On, tesame met 250 man wat teen Moses en Aäron gerebelleer het. Moses se gesag en sy roeping (aanstelling) deur YHVH was deur Korag en sy bende bevraagteken. Om teen Moses te rebelleer (op te staan) is om teen Torah te rebelleer en is dus rebellie teen YHVH self. Onthou: YHVH se Torah, die wet, word ook Moses genoem (Hand. 15:21), asook die wet van Moses (Luk. 2:22; Luk. 24:44).

Ons moet besef dat ongehoorsaamheid aan YHVH en aan Sy aangestelde gesagstruktuur rebellie is!! Dit is die les wat Saul ondermeer geleer het. Hierdie les geld ook vir elkeen van ons vandag, naamlik dat YHVH gehoorsaamheid vereis, want anders rebelleer ons teen die Almagtige!

Nadat Saul as koning gesalf is, het hy in opdrag van YHVH gegaan om die Amalekiete te verslaan. YHVH het duidelik aan Saul opdrag gegee om almal dood te maak en alles te vernietig. Saul mag niemand se lewe gespaar het nie, en ook geen oorlogsbuit geneem het nie, want God het beveel dat Saul alles met die banvloek moet tref (1 Sam. 15:1 tot 3). Na die oorwinning het Saul egter vir koning Agag gespaar en die beste van die kleinvee, beeste en skape, asook alles wat van waarde was geneem (1 Sam. 15:4 tot 9).

YHVH het toe deur die mond van Samuel vir Saul gekonfronteer met die woorde: *Waarom het jy dan nie na die stem van YHVH geluister nie en op die buit afgestorm en gedoen wat verkeerd is in die oë van YHVH?* (1 Sam. 15:19). Saul se verweer was egter dat die bedoeling was om die beste van die bangoed as offer aan YHVH op Gilgal te bring. Hierop het Samuel vir Saul geantwoord:

"Het יהוה *soveel behae in brandoffers en slagoffers soos in gehoorsaamheid aan die stem van* יהוה*? Let op, om gehoorsaam te wees is beter as offers; om te luister beter as die vet van ramme, want rebellie is soos die sonde van waarsêery en opstandigheid is soos oortredings en afgodery. Omdat jy die woord van* יהוה *verwerp het, het Hy jou as koning verwerp."*
1 Sam. 15:22 en 24 – PWL.

Saul het teen YHVH se gesag (Karakter en Outoriteit) gerebelleer deur nie dit te doen nie wat YHVH hom beveel het! Hierdie dien ook as 'n les dat goeie bedoelings nie 'n plaasvervanger vir gehoorsaamheid is nie. Ongehoorsaamheid aan YHVH is rebellie en bring oordeel. Inteendeel, weens Saul se rebellie was hy sy koningskap kwyt. YHVH, ons Vader, het behae in gehoorsaamheid, maar ongehoorsaamheid aan Hom is rebellie wat as sonde gelykstaande aan waarsêery en afgodery beskou word[2].

Korag was die rebelleleier en daarom word daar verwys na Korag en sy bende. Die Naam Korag beteken *gebrek aan natuurlike bedekking* of *kaalkoppigheid*. Hierdie is 'n sinnebeeld van ons natuurlike bedekking, naamlik die beskerming wat ons het wanneer ons Torah-gehoorsaam is, wat weggeneem word wanneer ons teen YHVH rebelleer of teen diegene wat YHVH aangestel het. Dit herinner ons aan wat ondermeer geskrywe is in Deut. 28:1, 2 en 15, naamlik:

Verse 1 en 2: *Nou sal dit wees, as jy* יהוה*, jou God, ywerig gehoorsaam, deur versigtig te wees om al Sy opdragte, wat ek jou vandag beveel, te doen,* יהוה*, jou God, jou sal oplig bo al die nasies van die aarde. Al hierdie seëninge sal oor jou kom en jou oorweldig as jy* יהוה*, jou God, gehoorsaam.*

[2] Die artikel 'Goeie Bedoelings – Is Dit Goed Genoeg' word aanbeveel en kan afgelaai word deur op die volgende skakel te kliek: http://nuwelied.info/wp-content/uploads/2012/01/GB1.Jan12GoeieBedoelings2.pdf

Vers 15: *Dit sal egter gebeur as jy* יהוה*, jou God, nie gehoorsaam nie, nie al Sy opdragte hou en Sy reëls doen, wat ek jou vandag beveel nie, al hierdie vloeke oor jou sal kom en jou oorweldig:*

Die gees van Korag is onderliggend in ons elkeen weens ons sonde-geneigdheid. Wat die vlees bedink is vyandskap (rebellie) teen God, want dit onderwerp hom nie aan die wet van God nie (Rom. 8:7). Paulus verwys ook hierna in Rom. 7:14 tot 23, naamlik dat ons weet wat die goeie is om te doen, maar so dikwels doen ons dan die teenoorgestelde. Ons vlees is geneig tot rebellie teen YHVH se wil vir ons. Ons vlees rebelleer teen Torah en is voortdurend op soek na redes om nie Torah-gehoorsaam te wees nie. MAAR in Yeshua is daar oorwinning oor hierdie rebellie teen YHVH se onderrig en instruksies.

Ek vind dus 'n wet, wat met my gewete saamstem, wat kies om die goeie te doen omdat die bose naby my is, want ek verheug my in die wet van God vanuit die innerlike mens, maar ek sien 'n ander wet in my lede wat oorlog maak teen die wet van my gewete en my gevange hou aan die wet van die sonde wat in my lede is. Ek is 'n ellendige mens! Wie sal my red uit hierdie liggaam van die dood? Ek dank God: deur ons Meester, Yeshua, Die Gesalfde Een! Ek is daarom nou met my gewete 'n slaaf van God se wet, maar in my vlees 'n slaaf van die wet van die sonde. Rom. 7:21 tot 24 – PWL.

Bepeins of Bespreek

1. Is die verwerping van YHVH se wet, naamlik die verklaring dat ons onder die hernieude verbond vry van die wet (Torah) is, rebellie teen YHVH? Lees Jer. 11:1 tot 5, 11 en 14, asook Spr. 28:9 in die verband. Is die volgende stelling waar? Indien ons Torah verwerp as uitgedien, dan verwerp ons Yeshua as Messias, want Hy is die Lewende Torah (Joh. 1:1 en 14)!

2. Na watter mense verwys Judas 1:1 tot 16. Wie is die hedendaagse mense in verse 4 en 11? Wie is die hedendaagse valse leraars wat die genade van God in **ongebondenheid** (*lasciviousness*) verander en wat met 'n Kain, Bileam en Korag vergelyk kan word? Verwys ook 2 Pet. 2:1 tot 3.

   Volgens Thayer's Greek Definitions beteken *ongebondenheid* die volgende: *unbridled lust, excess, licentiousness (bandelossheid, wetteloosheid, wellustigheid), lasciviousness (wulpsheid, onkuisheid), wantonness (moedswilligheid), outrageousness, shamelessness, insolence (parmantigheid, onbeskaamdheid).* In die verband skryf Barnes in sy *Notes on the Bible* die volgende:

   > *Abusing the doctrines of grace so as to give indulgence to corrupt and carnal propensities. That is, probably, they gave this form to their teaching, as Antinomians have often done,* ***that by the gospel they were released from the obligations of the law,*** *and might give indulgence to their sinful passions in order that grace might abound.* ***Antinomianism*** *began early in the world, and has always had a wide prevalence. The liability of the doctrines of grace to be thus abused was foreseen by Paul, and against such abuse he earnestly sought to guard the Christians of his time (Rom. 6:1).*

   Antinomianisme is die siening dat YHVH se genade in Yeshua voorsiening maak dat redding deur geloof alleenlik noodsaaklik is en daarom is selfs die morele wette van YHVH opgehef. Verkondig die Christendom antinomianisme, want sonde volgens die ou

verbond, soos byvoorbeeld homoseksualisme, word dikwels nie meer as sonde onder die hernieude verbond beskou nie?

3. Hoe weet ons watter geestelike leiers is deur YHVH aangestel, want dit is hulle teen wie se gesag ons nie mag rebeller nie! Kwalifiseer die herder (leier) van ‘n gemeente of bediening ‘outomaties’ as aangestel deur YHVH? Is die volgende stelling waar? Elkeen wat verkondig dat die Torah uitgedien is, of dat dit net vir Israel bestem was (is), is ‘n vals profeet / geestelike leier / herder. Bepeins of bespreek dit in die lig van Deut. 13:1 tot 10. Is dit nie die meetsnoer waaraan bekende geestelike leiers van ‘mega-bedieninge’ gemeet moet word nie? Word die God van Abraham, Isak en Jakob verkondig deur ‘n leerstelling van vry van die wet? Ons elkeen behoort te vra: Is die geestelike leier wat ek volg dalk ‘n Korag?

Bewakers en Bewaarders van die Tabernakel

Hulle (die Leviete) moet by jou aansluit en die diens van die Tent van Ontmoeting waarneem: al die dienswerk van die tent, maar ’n vreemdeling mag nie naby julle kom nie. Julle sal verantwoordelik wees vir die Afgesonderde plek en oor die diens van die altaar sodat daar verder geen woede meer oor die seuns van Yisra’el kom nie. Num. 18:4 en 5 – PWL.

Die Leviete was aangestel as die bewakers en bewaarders van die tabernakel en later van die tempel. Hulle moes waak dat geen vreemdeling of onbevoegde toegang tot die afgesonderde dinge van YHVH verkry nie. So ook moes hulle die tabernakel met al sy toebehore bewaar (versorg) sodat dit behoue en ongeskonde sou bly.

Ons het steeds dieselfde opdrag. As priesters van die Ryk van die Koning van Geregtigheid, Melgisedek, moet ons ook die tempel bewaak en bewaar. En ons weet dat hierdie tempel wat ons moet bewaak en bewaar is ons liggaam. Soos Paulus skryf:

Weet julle nie dat julle ’n tempel van God is en dat die Gees van God in julle bly nie? 1 Kor. 3:16 – PWL.

En dan skryf Paulus verder in vers 17: *Wie ook al die tempel van God vernietig, hom sal God vernietig, want die tempel van God is afgesonderd en dít is julle*.

In 1 Kor. 6:19 en 20 voeg Paulus dan ook die volgende by:

Of weet julle nie dat julle liggaam ’n tempel van die Gees van Afsondering is, wat in julle bly, wat julle van God gekry het, nie? Julle behoort nie aan julleself nie, want julle is gekoop vir ’n prys. Bring daarom eer, lof en aanbidding aan God in julle liggaam en in julle gees wat aan God behoort (PWL).

Om jou liggaam as ‘n tempel van YHVH te bewaak en te bewaar, beteken om jou gees en jou siel en jou liggaam te bewaak en te bewaar. Jy bewaak jou gees, siel en liggaam teen alles wat onrein en onheilig (nie afgesonder) is. Dit behels om jou sintuie, veral dit wat jy sien en hoor, te bewaak teen dit wat onrein en onheilig is, en wat via jou sintuie jou geestelike en sielsrealm, sowel as jou liggaam kan besmet en tot sonde aanleiding gee. Verder behels dit dat jy jou gees en siel moet bewaak teen enige vals leerstellings.

Om jou gees, siel en liggaam te bewaar is om dit te versorg deur ‘n gesonde lewenstyl na te volg. Dit behels eerstens om jou liggaam te voed volgens YHVH se voedselvoorskrifte, maar ook om ‘n gebalanseerde dieet te volg wat jou liggaam van al die noodsaaklike voedingselemente sal voorsien, terwyl jy ook voldoende oefening en rus kry!

In 1 Kor. 3:17 stel Paulus dit baie duidelik dat elkeen wat sy liggaam skend (vernietig), sal deur God vernietig word! Daarom moet elkeen besef dat die verantwoordelikheid om jou gees, siel en liggaam as ‘n tempel van die Afgesonder Gees te bewaak en te bewaar is deur YHVH aan Sy koninklike priesterdom gegee! Elkeen is aanspreeklik om sy gees, siel en liggaam as ‘n geskikte woning vir die Afgesonderde Gees in te rig en te onderhou! Daarom stel Paulus dit soos volg:

My broers, daarom smeek ek julle, deur die guns van God dat julle jul liggame beskikbaar stel as lewende, afgesonderde en aanvaarbare offers vir God; dit is julle logiese dienswerk en moenie hierdie wêreld navolg nie, maar word verander deur die vernuwing van julle denke en julle sal kan onderskei wat die goeie, aanvaarbare en volmaakte wil van God is.

Bepeins of Bespreek:

1. Die tabernakel word ook die tent van samekoms genoem. Daarom is elke individu ‘n tempel van YHVH, maar is die gemeente ook ‘n tempel van God. Het ons dus ook die verantwoordelikheid om op te tree as bewakers en bewaarders (versorgers) van die gemeente?

2. Volgens oorlewering het die bevelvoerder van die tempelwagte in die nag met ‘n fakkel rond gegaan om te kyk of elke wag wakker op sy pos is. Sou hy ‘n wag vind wat slaap het hy die wag se klere aan die brand gesteek. Is dit waarna Yeshua verwys het toe Hy gesê het? *Let op, Ek kom soos ’n dief. Seën vir hom wat waaksaam is en sy klere beskerm sodat hy nie miskien kaal rondloop en hulle sy skaamte sien nie* (Open. 16:5). Vergelyk dit ook met die gelykenis van die waaksame dienskneg in Luk. 12:35 tot 48. Is jy ‘n bewaker en bewaarder van die tempel waarin die Afgesonderde Gees woon?

-o-o-o-o-o-o-o-o-o-o-

Ontvang YHVH se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is (Hand. 17:11).

Shabbat Shalom!
Johan.

Epos: kontak@nuwelied.info
Webwerf: http://www.nuwelied.info

Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.